



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V2

NOVEMBER 2017

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 30

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Gehoor (10)
AFDELING B: Herkenning (12)
AFDELING C: Vorm (8)
2. VRAAG 1, VRAAG 2, VRAAG 3 en VRAAG 7 is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord VRAAG 4 (Westerse Kunsmusiek (WKM)) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (Inheemse Afrika-musiek (IAM)).
4. Skryf AL jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.
5. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl die kandidate na 'n CD luister.
6. Die musikonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die toesighouer afneem.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Die kandidaat moet NIE hierdie bladsy verwyder NIE.
8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
9. Kandidate moet let op die puntetoekenning van elke vraag om genoeg inligting in hulle antwoorde te verskaf.
10. Skryf netjies en leesbaar.

INSTRUKSIES VIR DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKAPPARAAT WERK

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.
2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die getal kere wat in die vraestel gespesifiseer is, gespeel word.
3. Laat genoeg tyd tussen snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hul antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.
4. Die nommer van die snit moet elke keer voordat dit gespeel word, duidelik aangekondig word.
5. Indien 'n skool meer as een stroom (Westerse Kunsmusiek (WKM)), jazz, Inheemse Afrika-musiek (IAM)) aanbied, moet die volgende riglyne gevolg word:
 - Elke stroom moet die eksamen in 'n aparte lokaal skryf.
 - Elke lokaal moet met geskikte klanktoerusting toegerus wees.
 - Elke lokaal moet sy eie CD met musiekuittreksels ontvang.
 - 'n Toesighouer moet in elke lokaal teenwoordig wees.
6. Die snitte moet soos volg gespeel word:
 - WKM-kandidate: Snit 1–24 en Snit 39
 - JAZZ-kandidate: Snit 1–13, Snit 25–30 en Snit 39
 - IAM-kandidate: Snit 1–13 en Snit 31–39
7. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet in geval van 'n kragonderbreking beskikbaar wees.

OPSOMMING VAN PUNTE

AFDELING A: GEHOOR	TOTAAL
VRAAG 1 (VERPLIGTEND)	5
VRAAG 2 (VERPLIGTEND)	5
SUBTOTAAL	10
AFDELING B: HERKENNING	TOTAAL
VRAAG 3 (VERPLIGTEND)	4
VRAAG 4 (WKM) OF	8
VRAAG 5 (JAZZ) OF	8
VRAAG 6 (IAM)	8
SUBTOTAAL	12
AFDELING C: VORM	TOTAAL
VRAAG 7 (VERPLIGTEND)	8
SUBTOTAAL	8
GROOTTOTAAL	30

Nota aan nasiener: Kandidate moet punte ontvang vir enige korrekte antwoorde wat nie in die nasienriglyne gegee word nie.


AFDELING A: GEHOOR

VRAAG 1

Speel Snit 1 TWEE keer na mekaar.

- 1.1 Luister na die melodiese en ritmiese frase. Noteer die ritme van die ontbrekende note in maat 2–3 hieronder.

Antwoord:



$\frac{1}{2}$ punt per regmerkie $\times 4 = 2$ punte
Nota aan nasiener: $\frac{1}{2}$ punt per regmerkie/halfmaat

(2)

Speel Snit 1 weer TWEE keer. Wag 30 sekondes tussenin.

Speel Snit 2 TWEE keer.

- 1.2 Maak 'n kruisie (X) in die blokkie wat die harmoniese progressie wat jy hoor, die beste beskryf.

- (a) Twaalfmaat sikliese akkoordprogressie
- (b) Twaalfmaat klassieke akkoordprogressie
- (c) Twaalfmaat blues-akkoordprogressie

Korrekte antwoord = 1 punt

(1)

Speel Snit 3 DRIE keer na mekaar.

1.3 Luister na Snit 3 en beantwoord die vrae hieronder.

1.3.1 Watter EEN van die uittreksels (a), (b) of (c) hieronder stem ooreen met die melodie van die musiek wat jy hoor? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

(a)

Three staves of musical notation in 4/4 time. The first staff contains the melody: quarter notes G4, A4, B4, C5, quarter rest, quarter notes G4, F4, E4, quarter rest, quarter notes D4, C4, B3, quarter rest. The second staff contains accompaniment: quarter notes G4, A4, B4, quarter rest, quarter notes G4, F4, E4, quarter rest, quarter notes D4, C4, B3, quarter rest. The third staff contains bass accompaniment: quarter notes G3, A3, B3, quarter rest, quarter notes G3, F3, E3, quarter rest, quarter notes D3, C3, B2, quarter rest.

(b)

Three staves of musical notation in 4/4 time. The first staff contains the melody: quarter notes G4, A4, B4, C5, quarter rest, quarter notes G4, F4, E4, quarter rest, quarter notes D4, C4, B3, quarter rest. The second staff contains accompaniment: quarter notes G4, A4, B4, quarter rest, quarter notes G4, F4, E4, quarter rest, quarter notes D4, C4, B3, quarter rest. The third staff contains bass accompaniment: quarter notes G3, A3, B3, quarter rest, quarter notes G3, F3, E3, quarter rest, quarter notes D3, C3, B2, quarter rest.

(c)

Three staves of musical notation in 4/4 time. The first staff contains the melody: quarter notes G4, A4, B4, C5, quarter rest, quarter notes G4, F4, E4, quarter rest, quarter notes D4, C4, B3, quarter rest. The second staff contains accompaniment: quarter notes G4, A4, B4, quarter rest, quarter notes G4, F4, E4, quarter rest, quarter notes D4, C4, B3, quarter rest. The third staff contains bass accompaniment: quarter notes G3, A3, B3, quarter rest, quarter notes G3, F3, E3, quarter rest, quarter notes D3, C3, B2, quarter rest.

Korrekte antwoord = 1 punt

(1)

Speel Snit 3 nog EEN keer.

1.3.2 Watter musiekstyl beskryf hierdie uittreksel die beste? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Progressive jazz	Blues	Cool jazz	Pop
------------------	------------------	-----------	-----

Antwoord: **Blues = 1 punt**

(1)
[5]

VRAAG 2

Speel Snit 4 EEN keer vir 'n algemene oorsig.

Luister na die uittreksel uit *Die Peer Gynt Suite* van Grieg hieronder. Beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 5 EEN keer.

- 2.1 Watter EEN van die volgende items beskryf die tydmaatteken? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Saamgestelde drieslagmaat	Enkelvoudige drieslagmaat	Saamgestelde tweeslagmaat
---------------------------	---------------------------	--------------------------------------

Antwoord: *Saamgestelde tweeslagmaat = 1 punt*

(1)

Speel Snit 6 TWEE keer.

- 2.2 Luister na maat 1–4.

- 2.2.1 Noteer die noot wat op die partituur by 2.2 weggelaat is. Gebruik die korrekte nootwaarde.

Antwoord: *Sien partituur: genoteerde noot = 1 punt
½ punt vir toonhoogte en ½ punt vir nootwaarde*

(1)

- 2.2.2 Benoem die interval wat tussen die gegewe noot en die ontbrekende noot by 2.2 gevorm word, bv. Majeur 3^{de}.

Antwoord: *Rein (Volmaakte 4^{de} (kwart) = 1 punt
(Geen punte vir onvolledige antwoord)*

(1)

- 2.3 Watter EEN van die volgende komposisietegnieke word by 2.3 in maat 2 gebruik?

Sekwens	Ostinato	Variasie	Omkering
---------	----------	---------------------	----------

Antwoord: *Variasie = 1 punt*

(1)

Speel Snit 7 TWEE keer.

2.4 Die notasie by 2.4 is uit die partituur weggelaat. Vul die ontbrekende toonhoogtes en nootwaardes in wat ooreenstem met die melodie wat jy hoor.

Antwoord: *Notasie: Sien partituur*

Korrekte toonhoogte en korrekte nootwaarde = $\frac{1}{2}$ per regmerknie x 4 = 2 punte

Nota aan merker: Minus $\frac{1}{2}$ punt vir verkeerde groepering of nootwaardes

Slegs korrekte ritme = $\frac{1}{2}$ punt

(2)

Speel Snit 8 TWEE keer.

2.5 Luister na maat 1–8.

Noem DRIE verskille wat jy tussen maat 1–4 en maat 5–8 hoor.

Antwoord:

- Instrumentasie van die solo instrumente verskil:
 - Mate 1–4 fluit
 - Mate 5–8 hobo
- Maat 5–8 klink 'n oktaaf laer as mate 1–4
- Melodie is dieselfde behalwe vir die laaste maat van elke frase (mate 4 en 8)
- Maat 5–8 moduleer na C# majeure in maat 8
- Begeleiding:
 - in mate 1–4 meestal houtblasers
 - in mate 5–8 meestal strykers
- Dinamiek
 - Maat 5-8 bietjie harder
 - in maat 5–8 effense cresecendo

Enige DRIE korrekte antwoorde = 3 punte

(3)

2.6 Gee die Italiaanse term vir die artikulasie wat in die uittreksel uit *Die Peer Gynt Suite* gebruik word.

Antwoord: *Legato = 1 punt*
Verduideliking van die term = $\frac{1}{2}$ punt

(1)

(10 ÷ 2)

[5]

TOTAAL AFDELING A: 10

AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE**VRAAG 3: ALGEMENE BELUISTERING (VERPLIGTEND)**

Bestudeer AL die vrae van VRAAG 3 vir twee minute.

Speel Snit 9 en Snit 10 TWEE keer.

- 3.1 Luister na die volgende TWEE uittreksels, Snit 9 en Snit 10. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie wat die vokale tegniek wat deur die sanger(s) gebruik word, verteenwoordig.

3.1.1 Snit 9:

Jodelsang	Falsetto-sang	Botoonsang	Fluistering
----------------------	--------------------------	------------	-------------

(1)

3.1.2 Snit 10:

Jodelsang	Falsetto-sang	Botoonsang	Fluistering
-----------	---------------	-----------------------	-------------

(1)

Antwoord: 3.1.1 Jodelsang /Falsetto sang= 1 punt
3.1.2 Botoonsang = 1 punt

[2]

Speel Snit 11 TWEE keer.

- 3.2 Dui TWEE items in KOLOM A aan wat jy assosieer met die musiek wat jy hoor. Maak 'n kruisie (X) in die TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	SNIT 11
Harp	
Adagio	
Klavier	X
Pizzicato	X
Xilofoon	X
Onreëlmatige tydmaat	

Antwoord: Enige TWEE = 2 punte
Slegs die eerste TWEE gekose items moet nagesien word

(2)

Speel Snit 12 TWEE keer.

- 3.3 Dui TWEE items in KOLOM A aan wat jy assosieer met die musiek wat jy hoor. Maak 'n kruisie (X) in die TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	SNIT 12
4/4	
Ritmiese ostinato	X
Staccato-melodie	
Houtblaasinstrumente	X
Strykers	X
Pedaalpunt	

Antwoord: Enige TWEE = 2 punte
Slegs die eerste TWEE gekose items moet nagesien word

(2)

Speel Snit 13 TWEE keer.

- 3.4 Dui TWEE items in KOLOM A aan wat jy assosieer met die musiek wat jy hoor. Maak 'n kruisie (X) in die TWEE toepaslike blokkies.

KOLOM A	SNIT 13
Glockenspiel	X
Alt	
Legato	X
Xilofoon	
Klarinet	X
Harp	

Antwoord: *Enige TWEE = 2 punte*
Slegs die eerste TWEE gekose items moet nagesien word

(2)

Beantwoord VRAAG 4 (WKM) ÓF VRAAG 5 (JAZZ) ÓF VRAAG 6 (IAM).**VRAAG 4: WKM**

Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Waar daar keuses gegee word, maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Speel Snit 14 EEN keer.

4.1 Met watter genre assosieer jy hierdie uittreksel?

Concerto	Sonate	Simfonie	Konsertouvertüre
----------	--------	----------	-----------------------------

Antwoord: *Konsertouvertüre = 1 punt*

(1)

Speel Snit 15 TWEE keer.

4.2 Dui TWEE items aan wat KORREK is met betrekking tot die musiek wat jy hoor.

Antwoord:

Scherzando	
Melodie in die klarinetparty	
Ontwikkeling	X
Beklemtoning	X
Heruiteensetting	X
Grave	
Allegro	X

Enige TWEE = 2 punte

Slegs die eerste TWEE gekose items moet nagesien word
Ontwikkeling en Heruiteensetting = 1 punt

(2)

Speel Snit 16 TWEE keer.

4.3 Gee EEN Italiaanse musiekterm wat die verandering wat jy in die tempo van hierdie uittreksel hoor, beskryf.

Antwoord:

- Ritardando
- Rallentando
- Rit./Rall.
- *Enige EEN korrekte antwoord = 1 punt*
- *Verduideliking van die term = ½ punt*

(1)

Speel Snit 17 DRIE keer.

4.4 Noem die solo-blaasinstrument wat in hierdie uittreksel gebruik word.

Antwoord: *Klarinet = 1 punt*

(1)

Speel Snit 18, 19 en 20 EEN keer na mekaar.

4.5 Identifiseer die stemtipe in ELKE uittreksel.

Antwoord:

SNIT 18	SNIT 19	SNIT 20
Bariton	Tenoor	Bas

1 punt elk = 3 punte

(3)

Speel Snit 21 EEN keer.

4.6 Noem die karakter wat in hierdie uittreksel sing.

Antwoord: *Sarastro = 1 punt*

(1)

Speel Snit 22 EEN keer.

4.7 Noem die karakter wat in hierdie uittreksel sing. Wat is uniek aan hierdie stemtipe?

Antwoord:

- Koningin van die Nag

Beskrywing

- Sopraan met die grootste omvang (hoë F)
- Koloratuursoprano
- Die feit dat dit gemaklik in die buitengewoon hoë register sing
- Vokaal, tegnies, besonder beweeglik
- Beweeglik

Korrekte karakter = 1 punt
Beskrywing = 1 punt

(2)

Speel Snit 23 TWEE keer.

4.8 Uit watter beweging van Beethoven se *Simfonie Nr. 6* is hierdie uittreksel geneem?

5 ^{de} beweging	1^{ste} beweging	6 ^{de} beweging
--------------------------	-------------------------------------	--------------------------

Antwoord: *1^{ste} beweging = 1 punt*

(1)

4.9 Kies 'n toepaslike tempo-aanduiding vir hierdie uittreksel.

Sehr schnell	Allegro ma non troppo	Andante ma non troppo
--------------	----------------------------------	-----------------------

Antwoord: *Allegro ma non troppo = 1 punt*

(1)

4.10 Watter EEN van die volgende blaasinstrumente speel die melodie in hierdie uittreksel?

Fagot	Hobo	Fluit	Trompet
-------	-----------------	-------	---------

Antwoord: *Hobo = 1 punt*

(1)

Speel Snit 24 TWEE keer.

4.11 Watter seksie van die orkes hoor jy in hierdie uittreksel?

Antwoord: *Strykerseksie = 1 punt*

(1)

4.1.12 Noem die kadens waarmee hierdie uittreksel eindig.

Antwoord: *Onvoltooide (Onvolmaakte) kadens = 1 punt*

(1)

(16 ÷ 2)

[8]**TOTAAL AFDELING B: 12****OF**

VRAAG 5: JAZZ

5.1 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Waar daar keuses gegee word, maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Speel Snit 25 EEN keer.

5.1.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse jazz-styl wat jy in hierdie uittreksel hoor.

Mbaqanga	Nuwe jazz/Afro jazz	Marabi	Kwêla
----------	--------------------------------	--------	-------

Antwoord: *Nuwe jazz/Afro jazz = 1 punt*

Speel Snit 26 TWEE keer.

5.1.2 Noem die speel-/uitvoeringstegniek wat jy in die baslyn van hierdie uittreksel hoor.

Antwoord: *(Vinnige) Walking bass = 1 punt*

(1)

5.1.3 Watter EEN van die volgende is die KORREKTE kombinasie van instrumente wat jy in hierdie uittreksel hoor?

Kora Kontrabas Saksofoon Skudkoker Tromstel	Marimba Kontrabas Klarinet Skudkoker Tromstel	Marimba Kontrabas Saksofoon Skudkoker Tromstel	Marimba Kontrabas Tromboon Skudkoker Djembe
---	---	---	---

Antwoord: *Blok No. 3: Marimba, Kontrabas, Saksofoon, Skudkoker, Tromstel = 1 punt*

(1)

Speel Snit 27 TWEE keer.

5.1.4 Noem die Suid-Afrikaanse orkes wat jy met hierdie uittreksel assosieer.

Antwoord: *Spirits Rejoice/Pacific Express
Enige EEN korrekte antwoord = 1 punt*

(1)

- 5.1.5 Beskryf die kontrasterende kenmerke tussen die instrumentseksies van hierdie orkes. Laat die stem uit jou bespreking weg.

Antwoord:

Ritmeseksie:

- Staccato-agtige ritmeseksie
- Gesinkopeerde ritme in die kitaar

Horns:

- Geaksentueerde note/'stabs'

Ondersteunende strykerseksie

- Ondersteunende strykerseksie speel legato/aanmekaargebind

Enige TWEE kontrasterende feite = 2 punte

(2)

- 5.2 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 28 TWEE keer.

- 5.2.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse jazz-styl wat jy in hierdie uittreksel hoor.

Antwoord: *Marabi = 1 punt*

(1)

- 5.2.2 Gee TWEE redes om jou antwoord op VRAAG 5.2.1 te staaf.

Antwoord:

- Duidelike jazzgevoel
- Big Band-styl verwerking
- Vokale solo en ondersteunende stemme
- Deurtrek van Amerikaanse jazz-invloede
- Suid-Afrikaanse taalgebruik
- Kunstenaar: The Manhattan Brothers

Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte

(2)

- 5.2.3 Identifiseer die instrument wat dwarsdeur hierdie uittreksel improviseer.

Antwoord: *Klarinet = 1 punt*

(1)

Speel Snit 29 EEN keer.

- 5.2.4 Watter EEN van die volgende is die KORREKTE kombinasie van vokale lyne wat jy in hierdie uittreksel hoor?

Alt-melodie Begeleidings- melodieë Spraakstem	Melodie in hoë vrouestem Agtergrondstemme Manlike spraakstem	Falset-solostem Geen agtergrond- stemme nie Manlike spraakstem
--	---	---

(1)

Antwoord:

*Blok No. 2: Melodie in hoë vrouestem;
Ondersteunende agtergrondstemme;
Gesproke mansstem = 1 punt*

5.3 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 30 TWEE keer.

5.3.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse musiekstyl wat jy in hierdie uittreksel hoor.

Antwoord: *Kwêla = 1 punt* (1)

5.3.2 Gee TWEE redes om jou antwoord op VRAAG 5.3.1 te staaf.

Antwoord:

- Sikliese akkoordstruktuur
- I – IV – I6/4 – V
- Matige tot flink tempo
- Skiffle-agtige tydmaat
- Jive/Swing ritmes
- Melodiese materiaal wat deur improvisasie ontwikkel word
- Penniefluitmelodie
- Begeleiding deur kitaar/banjo/basskitaar/trom

Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte (2)

5.3.3 Noem EEN instrument wat die bestendige maatslag in die lied verskaf.

Antwoord: *Kitaar; Tromme; Banjo; Baskitaar/Penniefluit*
Enige EEN korrekte antwoord = 1 punt (1)

5.3.4 Identifiseer EEN komposisietegniek wat in die melodie gebruik word.

Antwoord: *Herhaling of Variasie/Sekwens (Ritmies)*
Enige EEN korrekte antwoord = 1 punt (1)

(16 ÷ 2)

[8]

TOTAAL AFDELING B: 12

OF

VRAAG 6: IAM

6.1 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Waar daar keuses gegee word, maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Speel Snit 31 TWEE keer.

6.1.1 Identifiseer die inheemse musiekstyl wat jy in hierdie uittreksel hoor.

Antwoord: *Malombo = 1 punt* (1)

6.1.2 Gee DRIE redes om jou antwoord op VRAAG 6.1.1 te staaf. Verwys na instrumentasie en die gebruik van melodie.

Antwoord:

<p>Instrumentasie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Moderne instrumentasie in kombinasie met tradisionele instrumente (Afrika-tromme, skudkokers, baskitaar, elektriese kitaar en fluit) • Afrika-tromme en handperkussie word verweef met unieke kitaar en fluitklanke • Afrika-ritmes word verskaf deur bongo en malombo tromme • Perkussiewe gebruik van skutters in rituele <p>Melodie</p> <ul style="list-style-type: none"> • Tonale blues se vokale, melodiese patroon • Blues klankbuiging van note op kitaar en fluit • Gebruik van krepitasie <p><i>Ten minste EEN uit instrumentasie en melodie</i> <i>Enige DRIE korrekte antwoorde = 3 punte</i></p>	(3)
---	-----

Speel Snit 32 EEN keer.

6.1.3 Noem die ritmiese komposisietegniek wat in die tromparty gebruik word.

Antwoord: *Herhaling/Ostinato/Sinkopasie = 1 punt* (1)

6.2 Luister na die uittreksels en beantwoord die vrae wat volg.

Speel Snit 33 EEN keer.

6.2.1 Identifiseer EEN idiofoon wat jy in hierdie uittreksel hoor.

Antwoord:

<p><i>Skudkoker/Beenskutter = 1 punt</i> <i>Enige korrekte antwoord = 1 punt</i> <i>Aanvaar enige ekwivalente Afrikanaam vir 'n skudkoker, bv. iselwa, ligoshu, imiguza, ditjobo, tshela</i></p>	(1)
--	-----

6.2.2 Luister na die ritmiese aspekte van hierdie lied en gee TWEE redes waarom dit tipiese inheemse Afrika-musiek is.

- Antwoord:**
- Batswana handperkussie (klap)
 - Ritmiese patroon (12312312) met aksente op **een** elke keer
 - Daar is meer klem op ritme as op melodie (begelei die dansbewegings)
 - Gebruik van ostinato/herhaling
 - Sinkopasie
- Enige TWEE korrekte feite = 2 punte*

(2)

Speel Snit 34 TWEE keer.

6.2.3 Watter EEN van die volgende beskryf die tekstuur wat jy in hierdie uittreksel hoor die beste?

Enkellaag	A cappella	Homofonies	Meervoudige lae
-----------	------------	------------	----------------------------

Antwoord: *Meervoudige lae = 1 punt*

(1)

6.2.4 Noem EEN vokale tegniek wat jy in hierdie uittreksel hoor.

Antwoord: *Ululasie/Krepitasie/Umlilizelo*
Enige EEN korrekte antwoord = 1 punt

(1)

Speel Snit 35 TWEE keer.

6.3 Luister na die uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

6.3.1 Identifiseer die Suid-Afrikaanse musiekstyl wat jy in hierdie uittreksel hoor.

Antwoord: *Maskandi/mahubo/ indlamu/ndlamu = 1 punt*

(1)

6.3.2 Gee TWEE redes om jou antwoord op VRAAG 6.3.1 te staaf.

- Antwoord:**
- Begin met Izihlabo
 - Inleiding is in vrye metrum
 - Kitaar in pluk-styl gespeel (ukupika)
 - Akoustiese/staalsnaar kitaar gebruik
 - Konsertina begeleiding
 - Ukubonga (Pryspoësie) is teenwoordig
 - Streng isiZulu teks word gebruik
 - Roep en antwoord kom voor tussen die leier en die agtergrondsangers en/of instrumentale groep
- Enige TWEE korrekte antwoorde = 2 punte*

(2)

Speel Snit 36 en Snit 37 TWEE keer.

6.3.3 Beskryf TWEE verskille tussen die inleidings van die twee uittreksels.

Antwoord:

SNIT 36	SNIT 37
Sang bygevoeg tot Izihlabo	Standaard Izihlabo
Gebruik krepitasie	Geen krepitasie nie
Stemme begelei deur instrument (kitaar)	Geheel en al instrumentaal (guitar)
Roep (solo leier) en antwoord (agtergrondsangers)	Geen roep en antwoord nie

Enige TWEE korrekte verskille = 2 punte

(2)

Speel Snit 38 EEN keer.

6.3.4 Hoe vergelyk die roep en antwoord in hierdie uittreksel met die tipiese roep en antwoord van maskandi?

Antwoord:

<i>Tipiese vraag en antwoord</i>	<i>Snit 38</i>
<i>Vraag: Manlike or vroulike groep</i>	<i>Vraag: Geharmoniseerde vroulike groep</i>
<i>Antwoord: Groepsang</i>	<i>Antwoord: Geharmoniseerde manlike groep</i>
<i>Unison of soloroep</i>	<i>Geharmoniseerde vraag</i>
	<i>= 1 punt</i>

(16 ÷ 2)

(1)
[8]

TOTAAL AFDELING B: 12

AFDELING C: VORM

VRAAG 7

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Speel Snit 39 EEN keer vir 'n algemene oorsig.

Luister na die stuk hieronder terwyl jy die partituur bestudeer.

Wiegenlied

Brahms

Tranquillo con moto

Violin/
Viola

Piano/
Klavier

4

8

12

16

1. 2.

p

Speel Snit 39 weer.

7.1 Analiseer die vormstruktuur van hierdie stuk. Gebruik die tabel hieronder.

Antwoord:

OF

SEKSIE	MAATNOMMERS	SEKSIE	MAATNOMMERS
Inleiding ✓	0^3-2^2 ✓	A ✓✓	0^3-10^2 ✓✓
A ✓	2^3-10^2 ✓	B ✓	$10^3-18^{2/3}$ ✓
B ✓	$10^3-18^{2/3}$ ✓		

$\frac{1}{2}$ punt per regmerk \checkmark (vir elke korrekte seksie) = $1\frac{1}{2}$ punt

$\frac{1}{2}$ punt per regmerk \checkmark (vir korrekte maatnommers) = $1\frac{1}{2}$ punt

ALTERNETIEWE ANTWOORD

1 punt vir A seksie en $\frac{1}{2}$ punt vir B seksie = $1\frac{1}{2}$ punte

Maatnommers: 1 punt vir A seksie en $\frac{1}{2}$ punt vir B seksie = $1\frac{1}{2}$ punte

(3)

7.2 Wat is die tekstuur van hierdie stuk? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Monofonies	Homofonies	Polifonies	Multifonies
------------	-----------------------	------------	-------------

Antwoord: *Homofonies = 1 punt*

(1)

7.3 Watter EEN van die komposisietegnieke hieronder word in die basparty van die begeleiding in maat 1–8 gebruik. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Ritmiese variasie	Omkering	Pedaalpunt	Melodiese sekwens
-------------------	----------	-----------------------	-------------------

Antwoord: *Pedaalpunt = 1 punt*

(1)

Speel Snit 39 weer.

7.4 Noem die tipe non-akkoordnoot wat jy op die eerste polsslag van maat 6 in die vioolparty hoor.

Antwoord: *Terughouding = 1 punt*

(1)

7.5 Skryf EEN ritmiese verskil tussen die vioolparty en die begeleiding tussen maat 0^3-10^1 neer.

Antwoord:

- Vioolparty het gelyke ritme (geen sinkopasie)
- Regterhandparty word deurgaans gesinkopeer

Kommentaar op vioolparty = 1 punt

Kommentaar op begeleiding = 1 punt

(2)

Speel Snit 39 vir 'n finale oorsig.

TOTAAL AFDELING C: 8
GROOTTOTAAL: 30